DF Fokus 8/2010

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 23 September 2010

****

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

KARATE: Jannie Joubert is gekies om aan die Turkish ope karate kompetisie in Turkeye en Istanbul deel te neem.

FIETSRY: Monique Gerber het tydens die OP Baanfietsrykampioenskap die o/16 2000 meter, die Suid-Afrikaanse rekord gebreek. Haar tyd was 03:00 terwyl die vorige SA-rekord 03:02 was. Sy het ook goud gewen in al haar items. Marinus Prinsloo het ook aan die OP baanfietsrykampioenskap deelgeneem. Hy het aan 9 items deelgeneem. Hy het in die Junior kategorie 8 uit die 9 wedrenne gewen en vir een 'n tweede plek gekry. Hy ontvang 8 goue medaljes en een silwer. Vier van die nege wedrenne is saam met die o/23 en Elite kategorieë en het hy hierin drie keer 'n algehele derde plek en een vierde plek gekry. Marinus het ook aan die Makro fietswedren deelgeneem en 'n 3de plek in die Junior-afdeling van 90km behaal. Hy is ingesluit by die OP-span vir die Nasionele baan fietsry kampioenskap te Kaapstad.

RUGBY: Ryno Meiring is ingesluit in die OP o/19-span.

WISKUNDIGE GELETTERDHEID OLIMPIADE: Die volgende leerders het deelgeneem aan die Wiskundige Geletterdheid Olimpiade en silwer sertifikate (70-79%) ontvang: Gregory Oberholzer en Juan Stoltz. Bronssertifikate vir Emile Pienaar en Jacques le Roux.

DF SPOG!!

Dit is met groot vreugde dat ons kan aankondig dat DF se gesogte tydskrif, Malherbiet, die eerste prys in die land verower het. U het reg gelees!! Malherbiet is die beste skole- tydskrif in die land! Baie geluk aan al ons Malherbiete - julle kan met reg trots wees op julle insette.

SKUD-TEMBER FEES

ONTHOU VAN MôRE SE SKUD-TEMBER FEES VIERINGE BY DF. Groot pryse te wen in die Pretdraf kompetisie—heerlike braaivleisvure (nog groter pryse hier te wen—moet nie die geleentheid deur jou vingers laat glip nie) en vele stalletjies om te besigtig. Mis dit en jy mis uit!!

BELANGRIKE DATUMS - 4DE KWARTAAL

SEPTEMBER

24 - Skud-temberfees

OKTOBER

4 - Skole open - Dag 1 - Somersdrag
5 - Meisieskrieket vs Victoria Park (T)
8 - Dansbal
9 - VCSV - afskeid
12 - Meisieskrieket vs Douglas Mbopa (T)
13 - RTT Gr 12 spoed-toets
14 - RTT Gr 12 Prakties
18 - Begrotingsvergadering met ouers.
19 - Meisieskrieket vs Douglas Mbopa (W), vs ST Dominic's (T). Kultuurprysuitdeling
22 - Matriekafskeid/Prysuitdeling
25 - Gr 12 eksamen begin
26 - Seestap RTT (voorlopig), Gr 11 Prakties (RTT), Meisieskrieket vs Pearson (W)
28 - RTT Gr 11 Vraestel 1

NOVEMBER

1 - Gr 11 eksamen begin
30 - Gr 11 eksamen eindig

DESEMBER

2 - Gr 12 eksamen eindig

Live a Life that Matters

Ready or not, some day it will all come to an end
There will be no more sunrises, no minutes, hours of days
All the things you collected, whether treasured or forgotten
Will pass to someone else.

Your wealth, fame and temporal power will shrivel to irrelevance
It will not matter what you owned or what you were owed
Your grudges, resentments, frustrations, and jealousies
Will finally disappear

So, too, your hopes, ambitions, plans, and to-do lists will expire
The wins and losses that once seemed so important will fade away
It won't matter where you came from

It won't matter whether you were beautiful of brilliant
Even your gender and skin color will be irrelevant
So what will matter?

What will matter is not what you bought, but what you built
No what you got, but what you gave

What will matter is not what you bought, but what you built
Not what you got, but what you gave

What will matter is not your success, but your significance

What will matter is not what you learned, but what you taught

What will matter is every act of integrity, compassion courage
Or sacrifice that enriched, empowered or encouraged others
To emulate your example

What will matter is not your competence, but your character

What will matter is not how many people you knew
But how many will feel a lasting loss when you're gone

What will matter is not your memories
But the memories that live on in those who loved you

What will matter is how long you will be remembered and for what

Living a life that matters doesn't happen by accident

It happens by choice

Michael Josephson

GRAAD 8 ENGELSE LEERDERS 2011

Heelwat ouers is geïnteresseerd daarin hoe die inname van Engelssprekende leerders vorder. 55 Engelssprekende leerders het aansoek gedoen, waarna aansoeke gesluit is. Onderhoude is met al 55 leerders is gevoer en 32 is goedgekeur. Leerders is gekeur volgens prestasies behaal op akademiese sowel as sport vlak en ook op grond van hoe hulle Afrikaans besig en verstaan. Op hierdie stadium het ons leerders van die volgende skole aanvaar: Altona (1), Greenwood (1), Kabega (1), Kabegapark (2), Lorraine (9), Moregrove (4), Mount Pleasant (4), New Brighton (1), Rowallanpark (1), Settlerspark (3), St Augustine (1), Sunridgepark (2), Susannah Fourie (1), Triomf (1).

PERSONEEL

Ons moet aan die einde van dié kwartaal afskeid neem van mev Lindie Stander ná drie kwartale. Sy het ‘n pos by Laerskool Frans Conradie op Despatch gekry, wat vir haar baie beter is aangesien hulle op Despatch bly. Baie dankie aan haar vir die mooi manier waarop sy hier by ons ingeskakel het, en vir alles wat sy in belang van ons leerders gedoen het. Ons wens haar net die beste toe vir die toekoms. Mnr Anton Prinsloo is in haar pos aangestel (Beheerliggaam-besoldig).

BEGROTINGSVERGADERING

Neem asb. kennis van die Begrotingsvergadering met ouers/voogde. U het reeds o.a. in die Omsendbrief 6/2010, gedateer 4 Augustus 2010, van ons Begrotingsvergadering kennis geneem. Die Beheerliggaam moet by dié geleentheid volgende jaar se begroting aan ouers en voogde voorlê.

Die dokument sal by mev Nelson ter insae lê voor aanvang van die vergadering vanaf 12 Oktober 2010.

BEGROTINGSVERGADERING

DATUM: 18 Oktober 2010

PLEK: Skoolsaal

TYD : 19:00

Vriendelike DF groete

P. HAUMAN